Die twee getuies kom vanaf oorsee: Wat oor die waters kom Jes.18:1-2, en: *In dié dag sal daar boodskappers voor My uit wegvaar in skepe om die sorglose Kus (Afrika) te verskrik, en dan sal daar angs onder hulle wees soos in die dag van Egipteland* Eseg.30:9. Dit blyk ook uit Siener se gesigte dat hulle Duitsers is (“enkele blou perde”). “...waens wat aankom, een met twee blou voorosse draai hierheen...blou stene...”. “Ek sien twee manne met ‘n wit vlag (Vredesverbond) kom. Hulle bring ‘n **brief** (Traktaat van 1914)...en dit beteken vrede”. “‘n Lang trein met BLOU muile voor en in die draai van die pad verander die blou muile aan donkies (getroue Afrikaners – Duitsers word Boere)”. “Klein Niklaas (nageslag) is daar en daar is ook **twee ander manne** by hom en hulle hoede is BRUIN, en toe trek een van hulle ‘n nuwe skoen aan (word tydelike leier)”.

**Elia**, die wag en profeet (deur Genl.Beyers voorgestel in Siener se gesigte), is kaalgeskeer, slank gebou, ‘n ligte kop en ‘n jongman. (Yahweh maak Elia tot profeet vir die nasies, en hy is jonk Jer.1:5-

6). “Die mense wat hiernatoe kom, daar is een wag by hulle”, (as wag en om volk te waarsku Eseg.3:16-17). “In ‘n kar trek ‘n wit perd en die kar kom skuins na ons toe...Ek sien ‘n skoongeskeerde jongman wat aankom”. “In Duitswes kom die gespande wit perd oor die ashoop”.

Die **ander getuie** (deur Genl. Maritz voorgestel) is dan die tydelike leier, ‘n gesette donkerkop en ook kaalgeskeer. “Sien ek twee manne, die een donker en geset van postuur, en die ander ‘n slank geboude ligte man”. “Toe staan daar mense wat kaalgeskeer is net soos ons”. “Een op ‘n bruin perd (donkerkop) en een op ‘n wit perd (ligtekop)”. “Staan ‘n man met vaal klere, kaal geskeer met geweer in die hand (op Prieska, eers na die Gelofte by Lichtenburg)”. “Maritz kom. Hy sien ‘n pot (*moeilikheid*)...sy bene word half slap...toe ontmoet ek (die vertroueling) Genl. Beyers (Elia)...’n **Blou papier** (Traktaat) kom te voorskyn, en uit die papier (ooreenkoms) kom manspersoon te voorskyn (leier uit Dawid wat getuies en brief vooruit stuur)”. (Siener se seun het die toekomstige staatspresident/koning beskryf as ‘n man met ‘n vol, breë gesig. Hierdie beskrywing het eerder betrekking op die tydelike leier wat ‘n gesette man is, want dit kom nie ooreen met Siener of die Skrif se beskrywing van ons nuwe koning nie).

Die grootgeboude Boer met ‘n wit baard en bruin pak uit die Oostelike Provinsie (word vorentoe bespreek), moet nie met die twee kaalgeskeerde getuies, of die man wat die Duitse wapens stuur (ons koning vorentoe wat klein gebou is met ‘n bles en grys baard), verwar word nie (daarom word hul voorkomste beskryf deur die profete). By Prieska waar die Duitse wapens van die treine afgelaai word, kry die skoene ‘n nuwe oorleer (*voorlopige regering* met tydelike leier). “Daars ‘n **blou pak** (Duitser – tydelike leier, die gesette donkerkop), **bruin pak** (man uit Oostelike Provinsie, groot gebou met wit baard) en ‘n **grys pak** (geestelike leier – Elia, klein gebou met ligte hare)”. Dus drie in totaal. Eers teen die einde van die oorlog wanneer die burgers die vyand finaal verdryf en van Durban af terugkeer, kry ons ‘n nuwe paar skoene (*permanente regering*), en word die nuwe president/koning (wat die Duitse wapens stuur) aangestel (deur Elia) - want intussen voer hy ‘n staatsgreep uit en lei die Duitse weermag in Europa – daarom die tydelike leier.

DIE DUITSERS IS JUDEËRS: Die stam van Dan word met die Duitse volk geassosieer wat **nie** korrek is nie. In Num.26 en 1 Kron.12:23-27 word 13 stamme genoem terwyl die opskrifte net van 12 praat. Dan is nog altyd tussen die ander stamme alhoewel hy nie daar hoort nie, en daarom word sy naam in Op.7 uitgelaat en met Manasse vervang. Hy het ‘n vrou geneem uit die Moabiete wat deur Yahweh verbied is in Deut.23, en verder het hy met sy vader se byvrou gemeenskap gehad *en die hele Israel het daarvan geweet* (Gen.35:22). Dit is met die seëning van Dan (Gen.49:16) dat sy nageslag as ‘n aparte volk uitgesonder word: *Dan sal aan sy volk reg verskaf net soos enige een van die ander stamme van Israel*. Verder lees ons: *Dan is ‘n jong leeu wat uit Basan* (Manasse se grondgebied) **uitspring** Deut.33. Toe die gebied wat aan hom toegeken is te klein geword het, het hulle noordwaarts verhuis na Lais wat hulle tot Dan herdoop het (vandag bekend as Denemarke). Dan is: ‘n **slang** (satan, misleading) *op die pad* (nomadiese karakter gehad) *wat die perd op die hakskeen byt* (vermenging of verkragting met die doel om te verbaster)...*los ‘n sleepselsel...gee pad uit Basan* (Gen.49:16, Deit.33:16-22, Ps.135:11 en Jer.8:17). In hul swerftoge is Dan gevolg deur ander stamme wat plekname geërf het soos Denemarke, Dundee, Danhauser ens (*op die pad...los ‘n sleepselsel*). *Maar die kinders van Dan het hulle gebied kwytgeraak* Jos.19:47. Die Germane (“Ger” beteken rasegte ongelowige) het Dan se gebied ingeneem en plekname geërf wat daartoe gelei het dat hulle mettertyd as Daniete bekend gestaan het. Bv: ‘n stem verkondig UIT Dan (*the city of Dan/grondgebied* wat Dan

*kwytgeraak* het en deur Germane bewoon word – drie blou briewe)...Jer.4:15. Vers 7 bevestig: *Dan die verderwer van nasies (hakskeenbyters) het weggetrek, uitgegaan uit sy plek.*

Juda se embleem, die Leeu, verskyn op die wapenskilde van Nederland, Noorweë, Swede, Finland, België, Luxemburg, Skotland, Ierland en die ou Suid-Afrika. (In 1308 was Henry V11 koning van Luxemburg terwyl sy vader, Henry V1, nog koning van Duitsland was. Die bevolking van Luxemburg en Duitsland was dus een en dieselfde). Duitsland se embleem, die arend, het hy duidelik ook by Dan geërf wat hom hoofsaaklik in Amerika/Manasse gaan vestig het. Die VSA se wapen, die arend, is op hulle nasionale embleem, met 13 sterre, 'n olyftak met 13 blare en 13 pyle – die dertiende en oortollige stam wat nie hoort nie. (Die arend-embleem verteenwoordig Mithras/die son/Nimrod, en was oorspronklike die vlag van die Romynse-Ryk). Die gelykenis in Matt.22:1-14 kan net na Dan verwys. Die koning merk dat een van sy **gaste** (genooide) nie 'n bruilofskleed (seël) aan het nie. *En hy sê vir hom: Vriend (bekende), hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan? En hy kon geen woord praat nie.*

2 Kron.2:14 sê ons nuwe koning se moeder is 'n Daniël en sy vader 'n Boer. Ps.132:11 bevestig dat die Duitsers Judeërs is want hierdie koning is van suiwer Juda-saad. Maar hierdie feit word eers in die eindtyd bekend want intussen moes “Ger” (die rasegte ongelowige) gestraf word, en Esau op sy identiteit aanspraak maak. Die gemeente van Efese in Op.2:1-7 het beslis betrekking op hierdie Germane: *Onthou waarvandaan jy **uitgeval** het (uit Juda). Aan hom wat oorwin sal ek gee om te eet van die boom van die lewe (Boerevolk) wat binne-in die paradys van Yahweh is (berg Sion) 1 Kor.3:8-16.*

**16. 'n DERDE VAN DIE VOLK BLY OOR:** Die opdrag aan Elia is om die volk te suiwer van **sondaars** en **onsuiwer bloed**, en nie om ons vyand dood te maak nie. Intendeel, Jahweh stuur die swartes teen Israel as deel van die straf en uitdelgingsproses, terwyl die twee getuies as wag en leraar sal optree oor die opregte deel van die volk. Eseg.9: Elia word gestuur met die skrywer se inkpot (simbolies) om al die opregtes te merk...Maar aan die ander, trek agter hom aan deur die stad (nagaanval), *en moet nie spaar nie, slaan dood gryshards, jongmanne en jongedogters en kinders en vroue tot vernietiging toe, maar raak aan niemand op wie die teken is nie, en begin* (die uitdelging) *by My heiligdom. En hulle het begin by die oudstes (predikante)...Die ongeregtheid (sonde) van Israel en Juda is buitengewoon groot, en die land is vol **bloedskuld** (onsuiwer teling)...Eseg.5: 'n **Derde deel** moet jy binne-in die stad met vuur verbrand (hongersnood en pes 7:15) as die dae van die beleëring verby is (swart aanval), en 'n **derde deel** neem en met die swaard (oorlog) stukkend kap rondom die stad (platteland), en 'n derde deel moet jy in die wind strooi (die wat uit hulle ontvlug/ballingskap gaan sal op die berge wees soos duive/aangewese op die veld Eseg.7:16).*

*Ek sal My hand weer uitsteek oor die GERINGES. En in die ganse land (nie wêreld nie), twee-derdes sal daarin uitgeroei word (gedurende die oorlog), maar **EEN-DERDE oorbly**. Dan sal Ek die derde deel in die vuur bring en hulle smelt...Ek sê: Dit is My volk! En hulle sal sê: Jahweh is my Elohim! Sag.13:8. (Ek sal tussen jou in laat oorbly 'n ellendige en GERINGE volk wat by die Naam van Jahweh skuiling soek...Jubel, o **dogter van Sion** Sef.3:10). In Jes.6:13 sê Jahweh dat hierdie volk nie sal hoor of verstaan nie, totdat die stede verwoes lê sonder mense en die land verwoes is tot 'n wildernis (beteken omkering deur vreemdes). *En as nog 'n **TIENDE DEEL** (van die oorblywende**

derde) *daarin is, sal dit weer wees tot verwoesing* (dan kom die buitelandse vyand), *maar soos by die boom – as hulle omgekap word – ‘n stomp oorbly, so sal die heilige geslag die stomp daarvan wees.*

**ONS MOET DALK HIERNA KYK:** Gestel die Blanke Suid-Afrikaners bestaan uit 4,32 miljoen mense (insluitend die wat tans oorsee is), sal die derde wat oorbly 1,4 miljoen wees. (Dit is van hierdie derde deel wat Jahweh sê: *Dit is My volk!*). ‘n Tiende deel daarvan (Jes.6:13) is **144 000**, wat dan uit hierdie oorblywende derde deel van die volk gekies sal word as diensknegte. (...’n derde deel word in die wind verstrooi...*Jy moet ook ‘n klein bietjie daarvan neem* [‘n tiende] *en dit in jou slippe bind*).

**17. DIE VERBOND:** (‘n Verbond is ‘n ooreenkoms tussen Yahweh en Sy volk, en ‘n Geloofte tussen die volk en Yahweh). *Ek stuur My boodskapper* (Elia)...*die Engel van die Verbond* Mal.3:1. Hierdie Verbond sal verskil van die oue (wat elke jaar herhaal moes word) want: *Ek sal My wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe* (die kennis van sonde) Heb.8:8-10 en: ‘n Verbond van VREDE sluit en die *\*wilde diere* (swartes) *uit hul land laat verdwyn* Eseg.34:25. ...**Sion**, *kragtens die BLOED van jou Verbond*...Sag.9:11. (“Nadat die vyand op die vlug geslaan het [einde van *\*rasse-oorlog*], word die Vierkleur in ‘n emmer bloed gedoop”).

**DIE 144 000 DIENSKNEGTE:** In Op.7 lees ons dat 12 000 diensknegte uit elk van die 12 stamme, eers gekies moet word VOORDAT die aarde beskadig word (Armageddon), en in Op.14 dat hulle opregtes is wat nie deur vroue (kerke – dogters van die groot hoer) besoedel is nie. Die feit dat hulle met die Lam staan op die berg Sion (v1), bevestig dat hulle uit die Boerevolk gekies sal word. (Hulle word deur Elia georden volgens Hag.1 en 2).

**18. DIE TEMPEL:** Dit is die nuwe/herstelde godsdiens (kennis van sonde – wette in verstand en op harte) wat spruit uit die Verbond (wat met die oorblywende derde deel gesluit word voordat die Europeërs hierheen kom), en verwys nie na ‘n fisiese gebou nie want: *‘n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Almagtige is die tempel en die Lam* Op.21:22.

1. Die Almagtige en die Lam is die tempel (Op.21:22);
2. Yahshua/Christus is die fondament (1 Kor.3:8-16);
3. Juda (Boere) is die hoeksteen (Sag.10:3-4) en
4. Gelowiges (res van Israel in S.A.) is die gebou (1 Kor.3).

*Die Hoeksteen/Juda en die res van Israel* (in S.A.)...*Ek sal julle verlos...spreek die WAARHEID* (oor ons identiteit) 1 Kor.3:11-23. *En die WAARHEID sal julle vrymaak*...Joh.8:32-35. (“In die westekant kom ek voor een huis en twee deure [Juda en res van Israel] staat oop en een leeu brul statig in die huis en toe word dit een lang rij huise”). *Ek lê in Sion ‘n grondsteen, ‘n beproefde steen, ‘n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is* (die Israel-Waarheid en Apartheid) Jes.28:16. ...*met Israel en Juda ‘n nuwe Verbond tot stand bring...wette in hul verstand gee en op hul harte skrywe, en Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees* Heb.8:8-10. ...*julle ‘n tempel van Elohim is* (die derde oorblyfsel) en *\*die Gees van Elohim in julle woon* 1 Kor.3:16.

Wanneer die Europeërs/wildevyeboom hier aankom (gedurende die 30 dae tussen die einde van die Derde WO en begin van **Armageddon**), sal die 144 000 diensknegte die nuwe godsdiens aan hierdie mense oordra. Daarom lees ons: *sal Yahweh vir die TWEEDE KEER Sy hand uitsteek om die*

oorblyfsels van Sy volk los te koop wat sal oorbly...en Hy sal 'n banier ophef (as teken) vir die nasies...uit die vier hoeke van die aarde Jes.11:11-12.

**\*DIE GEES:** Daar sal 'n takkie uitspruit (144 000) uit die stomp van Isai (Juda)...en op **hom** die **Gees** van Yahweh rus, van wysheid, verstand, raad, sterkte, kennis en vrees vir Yahweh Jes.11:1-2. Dit is die 144 000 (die 'eerstelinge' wat nie deur vroue/kerke besoedel is nie), op wie Hand.2:16-21 betrekking het (en nie die huidige 'happy clappies' in die Pinksterkerke nie): *In die laaste dae sal Ek My gees uitstort...en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom...en hulle sal profeteer...en Ek sal wonders bo in die hemel en tekens onder op die aarde doen, bloed en vuur en rookdamp (Armageddon). Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot dag van Yahweh kom.*

Hierdie tekens in die hemel/Armageddon **het nog nie plaasgevind nie**, daarom is Yahweh se Gees nog nie uitgestort nie. Joël 2 (waarna Petrus verwys het in Hand.2), beskryf die geweldige aanslag (strafgerig) en aanval op die dogter van Sion (v1-9), die volk keer terug na Yahweh (v12-16), Yahweh verskoon die dogter van Sion en genees haar land (Verbond en nuwe Koningryk v18-27). *En DAARNA sal Ek My \*Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer...drome droom...gesigte sien. En ook op die diensknegte in die dae My \*Gees uitstort* (om die wilde vyboom te bearbei) ...*wondertekens in hemel en op aarde (Armageddon v28)*. Matt.12:28: *Maar as (wanneer) ek deur die gees van Elohim duiwels uitdryf, dan het die Koninkryk van Elohim by julle gekom.* (Hand.2:16-21 het dus nog nie in vervulling gegaan nie – nog 'n rede waarom ons nie na vandag se 'profete' moet luister nie).

**DIE WET HET NIE VERVAL NIE:** Die kerk leer dat die wet by die kruis verval het, of dáár reeds op ons harte geskryf is. *Die offers van die Ou Testament moes gedurig herhaal word, terwyl die offer van Yahshua eenmaal plaasgevind het en heeltemal voldoende was* Heb8:13. Yahshua se offer het nie die wet vervang nie. Yahweh het ook geen fout met die verbond gevind nie, maar wel met die volk, en daarom sê Hy in Heb.8:8-10: *Daar **kom dae**, dat Ek met die huis van Israel en Juda 'n NUWE VERBOND tot stand sal bring, NIE VOLGENS die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het nie...want hulle het nie gebly by My verbond nie. Want DIT IS DIE VERBOND wat Ek NA die dae sal sluit met die huis van Israel. Ek sal My wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe...hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer moet leer en sê: Ken Yahweh nie, want ALMAL sal My ken, klein en groot onder hulle Heb.8:8-11.* (Opregte oorblyfsel + Verbond = die tempel/kennis van sonde). *En al jou kinders sal deur Yahweh geleer wees* Jes.54:13. *Dan sal die offer van Juda en Jerusalem vir Yahweh aangenaam wees, SOOS IN DIE OU DAE EN SOOS DIE JARE VAN DIE VOORTYD, WANT EK YAHWEH HET NIE VERANDER NIE* Mal.3:4-6.

**WAT SÊ DIE NUWE TESTAMENT VAN DIE WET?** (Want die wet kom uit die O. T. wat volgens die kerk nie meer van toepassing is nie). *Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul* Matt.5:17. *Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een titel van die wet sou verval* Luk.16:17. *Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel ons bevestig die wet* Rom.3:31. *Aan hierdie twee gebooië (liefde vir Yahweh en jou naaste) hang die **hele wet en die profete** (die Ou Testament)* Matt.27:40. *Nou weet ons dat alles wat die wet sê, Hy dit sê vir die wat onder die wet is*

(Israel), want deur die wet is die kennis van sonde (en na die Verbond sal dit op ons harte en in ons verstand geskrywe wees) Rom.3:19.

**19. DIE VIER LEWENDE WESENS** is ook die vier engele wie se opdrag dit is om die aarde en die see te beskuldig (Armageddon), maar **nie** voordat die 144 000 diensknegte verseël is nie (Op.7:2-3). Hulle taak is om die heiden-nasies te tref (ter wille van Israel), en **tergelyketyd** die uitverkorenes te beskerm. Hulle simboliseer die volgende in Op.4:

1. Soos 'n **LEEU** (JUDA): *Juda is 'n jong leeu, Hy het die stam van Juda uitverkies, die berg Sion wat Hy lief het.*
2. Soos 'n **KALF** (BLOEDVERBOND): *Bring die vetgemaakte kalf en slag dit, want hierdie seun (Juda) van My was dood (geestelik) en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is weer gevind. ... Volgens die bloed van jou Verbond...* Dan.9:27 bevestig dat dit 'n "slagoffer" is. (Die kalf het beslis **nie** betrekking op Efraim/Engeland nie, wat in Openbaring nie as stam getel word nie, maar met Josef vervang word. Efraim se embleem was 'n os, wat verander het na 'n afgodsembleem, die eenhoringperd [horings van 'n buffel - unicorn / horns of unicorn] Num.23:22, 24:8 en Deut.33:17).
3. Soos 'n **AREND** wat vlieg (BESKERMER VAN ISRAEL): *Dat Ek julle op arendsvlerke gedra het en na My toe gebring het (Ex.19:4). Wee die land van vlerkgegons wat anderkant die riviere van Kus lê (Jes.18:1). Die groot arend met die lang vlerke het na die Libanon gekom...jong takkies afgepluk...na koopmansland gebring...ook die saad geplant... wingerdstok geword Eseg.17. (Definitief nie die arend-embleem van die son-god Atheris nie, oorgeneem deur die Roomse kerk, stam van Dan/hakskeenbyters, VSA en Duitsland nie. In Op.7 word Dan, die 13de stam wat nie na die bruilof genooi is nie, met Manasse vervang).*
4. Gesig soos 'n **MENS** (KONING VAN JUDA): *En My kneg Dawid sal koning wees oor hulle vir ewig. Op die uitspansel, oor die hoof van die engele (vier lewende wesens), iets soos 'n saffiersteen (heilige bloedlyn Eseg.28:13), iets was soos die gestalte van 'n troon gelyk het Eseg.10:1...en op die troongestalte 'n gestalte wat soos 'n mens gelyk het Eseg.1:26. (Beslis ook nie betrekking op die stam van Ruben nie, wie se embleem dié van 'n man se gesig was. Nêrens word genoem dat hy 'n troon beklim nie, maar wel sy vader se bed 1Kron.5:1).*

#### DIE OU TRANSVAALSE/ZAR WAPEN:

1. **Arend met uitgespreide vlerke:** Die twee arendsvlerke wat aan die vrou (dogter van Sion) gegee is om die seuntjie (troonopvolger) te neem na haar plek (Op.12:13-14), na die land suid van die riviere van Kus (Jes.18:1-7), van die einde van die soutsee van die tong af wat na die suide toe uitsteek (Josh 15:1-2).
2. **Leeu:** embleem van Juda. 'n Jong leeu, leier van die 12 stamme (Gen.49:8-9), Juda is uitverkies (Ps.78:6-8).
3. **Boer met 'n geweer:** Die troonopvolger, sal veg vir sy volk (Deut.33:7).
4. **Anker:** Sebulon (Nederland) sal voorspoedig wees met seetogte (Jes.8:23), neem see en suidland in besit (Deut.33:23).
5. **Ossewa:** Die troon van Dawid.
6. **Vierkleurvlae:** Bloedlyn van Isai (Juda), die oudste Europese (Israel) vlag, groen bygevoeg vir dogter van Sion – 'n banier vir die Israelvolke (Jes.11:10-12).
7. **Eendrag Maak Mag:** Leuse op visserseël van Unie van Utrecht (Nederland), en leuse van Transvaal.

DIE OSSEWA/TROON EN WAWIEL/KONING: Salomo beskryf die nuwe tempel met vier wiele (troon), en die maaksel van die wiel is in die vorm van 'n wawiel (koning). “In die westekant van die Unie (SWA) is ‘n ou \*put (lank gelede \*groot ellende) en daar lê #garingbalk oor (lank gelede #verandering in parlement). Toe draai in die noord-weste van Europa ‘n **wiel** (koning) in die rondte”. “Die wiel wat in Europa gedraai het draai nou in die Unie”. “Ek sien ek’s in Europa...daar lê nuwe mauser gewere onder planke...huis waar twee mense dood lê (staatsgreep)...ek sien ‘n ding soos ‘n horlosie maar met strepe (‘n wawiel) en daar kom ‘n Vierkleur uit met strepe op (daar is reeds Vierkleurvlae met Hebreeuse skrif op wat lees ‘Yahweh van Geregtheid’)”.

**20. DIE SEWENDE JAAR**: In ‘n dokument wat ek in 2008 geplaas het (Gelooftevolk – Die Tyd Is Naby), het ek profesieë aan datums gekoppel wat foutief was, en vra omverskoning daarvoor. As dit nie was vir die tyd wat ons in lewe nie, moes ‘n mens eerder dié onderwerp heeltemal vermy het. Maar die profete het datums en tydperke vermeld met die doel dat dit ontsyfer moes word. **Wat volg is bloot my eie gevolgtrekking** wat ALLEENLIK as riglyn kan dien om gegewe tydperke in perspektief te probeer plaas. Die enigste datum wat nie bereken hoef te word nie, en waarvan ons seker is, is die 350ste herdenking van ons volksplanting (**DAN.12:6-7**, wat ook die **begin** van die wonderbaarlike dinge is/die **aanloop** tot die sluiting van die Verbond). Verder is ek daarvan oortuig dat die onderskeie profetiese tydperke getel word vanaf die gruwel opgerig word (v11), ‘n datum onbekend op hierdie stadium. Meer belangrik as enige datum hier vermeld (wat weereens foutief kan wees), is die besef dat die tyd naby is en dat ons voorbereid moet wees.

‘n Jaarweek is ‘n sewe jaar tydperk, ‘n tydskaal in terme waarvan profesieë uitgedruk word (Dan.9:24 en Lev.25:8-9). Verskeie kalenders is vanaf die begin van die Christen-era gevolg. Die Cruden’s Konkordansie verklaar op bl. 436: “The Jews reckoned by the year of 360 days, and in all probability made an adjustment by adding a thirteenth month occasionally...”. Volgens kenners op gebied van die Joodse kalender, is **April** die eerste maand van die jaar. Jan van der Westhuizen verklaar in “Die Boerevolk Se Oorsprong Deur Bedrog Verberg”, dat die 6000ste sterrejaar sedert die geboorte van Adam **2002** was, (en ook die 350ste herdenking). Verder dat die naaste ‘sewende jaar’ aan hierdie datum (van elke 15 jaar siklus sedert Adam), was die jaar 2000. Vergelyk ons dié datum met Ex.40:17: *En in die eerste maand (Abib/April), in die tweede jaar* (na die 6000ste sterrejaar = 2002), *op die eerste van die maand* (wat in 2002 blykbaar op 14 April geval het), *is die tabernakel \*opgerig* (die ‘ark’ wat toekomstige Juda-koning stuur, *want ‘n tent in Jerusalem is \*daarvoor opgeslaan* 2 Kron.1 – die begin van die wonderbaarlike dinge).

Indien Ex.40 hier betrekking het, en indien berekeninge t.o.v. die Joodse kalender korrek is, hoort die volgende ‘sewende jaar’ dan in 2009 (wat strek van April 2009 tot einde Maart 2010) te begin. (Vir die doeleinde hiervan [om bloot die tydskaal en tussenposes van gebeure aan te dui] sal 2009 dien as die sewende jaar). Volgens Lev.25:8-11 begin die sewe jaar verdrukking (wat dan ook ‘n jaarweek is), die *sewende maand* wat einde September/begin Oktober hoort te wees op ons kalender (Okt 2009 - Sept 2016). Die sewe jaar verdrukking word in twee gedeel - twee tydperke van 3½ jaar, 1260 dae of 42 maande.

Pierre Rautenbach maak verder ‘n baie interessante verklaring. Die staat van Israel en S.A. is op dieselfde tydlyn (as dit 12 uur v.m. in Israel is, dan is dit ook 12 uur v.m. in S.A.), maar ons seisoene



is omgeruil en verskil presies ses maande omrede Israel in die Noordelike-halfgrond is, en S.A. in die Suidelike-halfgrond. En omdat Israel nie meer die heilige land is nie, maar wel suidelike-Afrika, moet die kalender ses maande aanskyf. Bv Exodus 12 sê dat die sewende maand (Oktober) die begin van die maande sal wees (wat ook die begin van die verdrukking hoort te wees).

**Matt.24, Mark.13 en Luk.21** wat die gebeure beskryf waartydens die vybeboom bot, verwys almal na die woorde wat Daniël gespreek het (en waarvan hy die betekenis geheim moes hou), wat ons terug lei na **DAN.12**. In Matt.24 waarsku Yahshua:

Daar sal oorloë en gerigte van oorloë wees (v6) TANS

Die een nasie sal teen die ander opstaan en een koninkryk teen die ander. Hongersnode, pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke (v7) TANS (die twee getuies het mag oor die weer, oorloë en plaë Op.11)

Hulle (dogter van Sion) sal aan verdrukking oorgegee word en deur die nasies gehaat word (v9) TANS

Baie (dogters van Sion) sal tot struikel gebring word, mekaar verraai en mekaar haat. Valse profete sal mense mislei (v11) TANS

Die **evangelie** van die koninkryk [terug keer na Sy leer, Israel-waarheid, versameling, Wederkoms] sal **verkondig** word oor die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies/Israel (v14) TANS

\*Die gruwel (lyk in staatsie) waarvan gespreek is deur die profeet Daniël (v15)

Dan sal Israeliete (buite S.A.) verdruk word soos nog nooit tevore (Derde WO en merk van die dier v16-22)

Die Antichris regeer (v23-26)

**#Die teken** van die Seun van die mens **verskyn** in die hemel (Armageddon - Nibiru/komeet Alsem sigbaar vir die mens v27-30)

Die uitverkorenes van oor die wêreld word versamel (v31, gedurende 30 dae voor Nibiru).

Wat is die '**wonderbaarlike dinge**' van **DAN.12**? Een (dogter van Sion oorkant die rivier) het gevra: Hoe lank sal die einde van die wonderbaarlike dinge UITBLY? (d.w.s. wanneer sal die wonderbaarlike dinge **BEGIN**). En Hy antwoord: 'n Tyd, tye en 'n halwe tyd (350 jaar), en **AS** (wanneer/when) hulle die mag van die heilige volk geheel verstrooi het (die oorblywende derde deel wat in die wind verstrooi word Eseg.4:2-3), sal al hierdie (**wonderbaarlike**) dinge **VERVUL** word (oorwinning, Verbond en aanstelling van Koning).

D.w.s. wanneer die Boerevolk 350 jaar oud is (kort na 2002) sal die wonderbaarlike dinge **begin** (die aanloop – 'n tabernakel is daarvoor opgerig), en word **vervul** wanneer die Verbond plaasvind. Gedurende hierdie tyd word die \*gruwel van die verwoesting opgerig, en kan ons (glo ek), vanaf hierdie datum die onderskeie profetiese tydperke tel (bv. 1290 dae tot Armageddon ens v11). Ps.102 met die opskrif "'n Gebed vir Sion", beskryf die treurige toestand waarin die volk verkeer, en dan vanaf v14: U sal opstaan, U oor Sion ontferm, want #dit is tyd om hom genadig te wees, #want die bestemde tyd het gekom. Sion se oorwinning en die Verbond (v15-20), gebed van die gevangenes (v21, hulle word vrygelaat tydens die Verbond Sag.9:11), die volke versamel op Sion (v22-23).

Die vraag ontstaan waarom die Wederkoms nie 2000NM plaasgevind het nie. Die antwoord lê dalk in die volgende tekse: *Maar die gesig sal nog duur tot op die #vasgestelde tyd, maar dit spoed na die*

*einde en sal nie teleurstel nie. As dit mag vertoef, wag daarop, want alte seker sal dit kom en nie versuim nie Hab.2:3. En Matt.25:5: En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak.*

Terug by Matt.24: Die dissipels vra vir Yahshua wat die #**teken** is van die voleinding van die wêreld (soos ons dit ken). Hy antwoord: *Pas op dat niemand julle mislei nie* (v3-4), oorloë, pestes, aardbewings, verraad en evangelie word verkondig (v7-14) *die gruwel van die verwoesting...*(v15), ballingskap en verdrukking (v21). Dan waarsku Yahshua ons om nie te luister as die mensdom verklaar dat Hy fisies verskyn het nie (v23-26), want Sy Koms sal wees soos die weerlig wat uitslaan van die ooste na die weste (die **teken** v27), en aanleiding gee tot baie lyke (v28). ( Die Wederkoms IS Armageddon, wat vorentoe bespreek word).

**21. ANGUS BUCHAN:** Die ‘tronk’ is simbolies van die magtelose situasie waarin die volk hom bevind, en die tronkdeur wat ‘oopgaan’ het betrekking op die volk wat **wakker skrik**. Siener verwys deurentyd na TWEE ENGELSMANNE wat betrokke is by die oopmaak van die tronk. Die een is “die vriendelike Engelsman”, ‘n geestelike man, wie se oë later oopgaan en by die Boere aansluit, maar daarna geen rol speel nie, en die ander een is ‘n groot Engelsman en militaris. “Die Kaki sluit die deur oop en toe bly die deur oop staan”. “Toe word ek **wakker**. Ek sien ‘n man met grys klere (*geestelike man*), die (tronk) deur is wyd oop, hy lei my tot by die muur van die groot deur, **toe staan hy** (hierdie man bied geen uitkoms nie – maak net die volk wakker)”. “Ek sien die Engelsman wat die deur oopmaak en **toe raak hy weg**. Die voorste jaart se mense is almal weg. Ek kom by ‘n huis met hoë trappe, maar daar is **geen deur nie**”.

Die feit dat Buchan groot skares trek getuig daarvan dat Blankes bekommerd is, maar ook dat die kerk dood is. Ongelukkig vermy hy die kern boodskap van die Woord (omdat hy nog ‘n liberalis is), en kan hy die volk dus nie geestelik voorberei vir die stryd wat voorlê nie. (“Faith Like Potatoes” beskryf sy ellendige bestaan totdat hy ‘n liberalis word en daarna net seëninge geniet). “In die noorde, baie ver (Zambië), kom ‘n man op ‘n skimmel perd (*verskillende etniese groepe*) na die suide en raak dan weg (ons sal lank nie van hom weet nie). Dan trek die Engelse waens na \*Johannesburg (Blankes uit Afrika state kom hierheen)”. “Toe kom daar ‘n man in gesig wat op ‘n wa (*verhoog*) staan net in ‘n broek en hemp (*sonder amp*). Toe trek die wit bokke (Blankes) in die ooste (Greytown) bymekaar”. “Die Unie is donker maar dis of die donker leef (teken van hoop), die donker gaan oop en een drievoorploeg (*baie mense*) ploeg na oos (Greytown). Toe kom ‘n Engelsman van \*Johannesburg (van Afrika staat afkomstig) na die suide net in broek en hemp en kaalgeskeer sonder hoed. Toe kom loer mense van suid na oos met klein blik emmertjies (*verwagtinge*) in hul hande”.

Die Greytown-saamtrek in 2008 het tydens die xenofobiese aanvalle plaasgevind: “Groot stof trek na die noordekant toe (immigrante vlug terug na Zim) en ‘n man staan agter die stof (Tsvangirai - stemme vir die herverkiesing). Die volk kom by ‘n dorp wat skoon is (verootmoediging). ‘n Man wat die geel (*verraad*) broek uit trek (wys nie hy is ‘n liberalis nie), maar die onderbroek is grys (*geestelike man*), die geel baadjie is te nou (liberalisme pas nie by hom nie) en die onderbaadjie steek grys uit”. “‘n Man sit op ‘n geel stoel, om hom is ‘n bruin seil (tussen Boere), langs hom lê ‘n Bybel (geestelike man). Springbokke (in Siener se tyd Blanke *regeringsmagte*) kom met ‘n draai (skepties). #Die geel baadjie lê dood (hy kom reg en steun die Boer se saak- seker te danke aan sy Skotse bloed). #**‘n Swart bees kom uit** (Mandela se dood)”. “...Ons gaan by die agterste hek uit (Boere volg nie

Buchan nie). **#Die Engelsman verander aan 'n Boer'**. “Ek sien ‘n man van wie die oë nog toe is (Buchan)...Ek is buite die traliedeur, voor my ‘n bord kos (verwagtinge word geskep). Ek sien baie water (reëntyd – tydens Mandela se begrafnis). Die groot Engelsman (**militaris**) haal die patroonband af”. Buchan se oë gaan darem oop maar eers **#kort voor Mandela se dood**. Intussen speel hy net een belangrike rol deur die tronk deur oop te sluit, en dan verdwyn hy van die toneel af. (“Ons loop voor maar die Engelsman loop agter”). **NB**: Hy het vir ‘n skare op Bloemfontein gesê: “As ek in die Anglo-Boereoorlog geleef het, sou ek vir die Boere geveg het...Die Afrikanermense het ‘n vrees vir God wat ons Engelse nie het nie...Hulle het die Bybel vir goud verruil, maar ek sien nou hoedat hulle dit terugneem” (Rapport 16 **#Augustus '09**).

Die vriendelike Engelsman (Buchan) en die man met die bruin pak (albei van die Oostelike-Provinsie /Natal), kan onmoontlik na dieselfde persoon verwys. Want terwyl die reeds bekende Engelsman “kaalgeskeer” is en kort voor die oorlog van die toneel af verdwyn, word die man met die bruin pak beskryf as ‘n “onbekende man”, ‘n “Boer” met ‘n “wit baard” wie die burgers tot bedaring bring (gedurende die sewe dae staatsie) en later by Lichtenburg en Prieska die burgers toespreek.

DIE ENGELSE MILITARIS bewapen ‘n groepie Boere voor die oorlog, lei ‘n opstand in die Vrystaat (om die Boere te diskrediteer), en verdwyn van die toneel af. “Die geel (*verraad*) messie se hef is na my se kant toe (Boere word bewapen), en toe gaan die messie toe. Ek gaan met trappe af (geheime ontmoeting) en kom in ‘n kamer waar ‘n paar **Engelsmanne** sit”. “Een klomp springbokke wat so maal (*raak opstandig*). Die **Engelsman** kom terug met die geweers agterstevoor. ‘n Menigte swart kraaie (*verraad*)”. “In die Unie kom ‘n roer uit sy kolf is na die weste”. “Vonke slaan uit in die Vrystaat. Pyp en tabak (Boerebaard maar Engelse hart)”. “Aan die oostekant (Natal) is mistige weer (*geheimsinnig*) en ‘n nuwe roer kom uit na my toe kolf na vore. Op die delwery is klaar uitgehaalde waste maar die mense is almal weg (hulle raak opstandig **tydens** die landsweye staking gedurende die sewe dae staatsie)”. “Bruin waens (Boere) trek met groot rooi osse (gelei deur Engelse) na die weste (Vrystaat)”. “Die Engelsman met die geweer raak weg. Hy is by sy huis en het rooi skoene aan (*kommunis*)”.

“Daar kom eers ‘n geel papier uit (*verraad*) en toe ‘n wit papier (*verraad word ontbloot*)”. “Ek is by my huis (uit die ‘tronk’, Buchan is dus op die toneel) en ek sien twee Engelsmanne wat stoei”. (Hulle paaie kruis, sekerlik wanneer Buchan ‘n Boer word en besef dat die ander Engelsman ‘n geheime agenda het).

DIE MAN MET DIE BRUIN PAK: Almal is in groot afwagting op hierdie man om die Boerevolk te kom lei, maar al wat Siener van hom gesê het is: 1) dat hy ‘n groot geboude Boer is met ‘n wit baard 2), van die Oostelike-Provinsie afkomstig is 3), onbekend is 4), ‘n klompie burgers bewapen in die Vrystaat 5) hierdie burgers tot bedaring bring en 6) en die burgers by Lichtenburg en Prieska toespreek. DIT IS AL!

Ons toekomstige president/koning is NIE die man met die bruin pak nie: Siener self het nie gesê hy is ‘n leiersfiguur of dat hy ‘n noemenswaardige rol in die volk se toekoms gaan speel nie. Dit was die **gevolgtrekking** van Siener en De la Rey se **twee seuns** dat die man met die bruin pak die toekomstige president sou wees. Siener se visioen op 15 Junie 1920 van die groot man in **Europa** met die vaal jas (geestelike man) wat oopgaan en ‘n bruin pak (Boer) toon met blink knope (ryk man), het betrekking

op die **Duitse leier**. Want in ‘n ander gesig het Siener hom ook weer in Europa gesien met ‘n **blou pak** (want hy is half-Boer, half-Duitser). Ons moet ook onthou dat die Duitsers Boere word (“die **blou** muile wat voor trek verander in bruin muile”). Eers wanneer hierdie Duitser se opdrag uitgevoer is in Europa (teen die einde van ons rasse-oorlog), keer hy terug hierheen en word ‘n Boer (die vaal jas wat oopgaan beteken die verborge troonopvolger word bekend).

Die Dake King James (DKJ) verklaar op bl 493: “Dawid came after the setting up of the altar and the restoration of worship (Verbond - tempel/herstelde godsdiens)”. Dan.4: *Kap die boom om maar laat sy penwortel staan v23 ...u woning sal saam met die diere van die veld wees (swartes) en sewe tydperke (350 jaar) sal oor u heengaan **totdat** u erken dat die Allerhoogste die Koningskap gee aan wie Hy wil v25 (vanaf 2002)...u Koningskap sal bestendig wees (herstel word) **vanaf** u erken dat die hemel heers (Verbond – dan eers word die koning aangestel) v26.*

“...Party gaan na die weste (Vrystaat) waar hulle rusie maak en rewolusie tussen hulle uitbreek (gedurende die staatsie-tydperk), maar alles gebeur sonder om bloed te stort. ‘n **Man met ‘n wit baard bring hulle tot bedaring** en stel hulle tevrede”. Dit is ‘n groot **Engelsman** (pyp en tabak - Boerebaard maar Engelse hart) van die Oostelike-Provinsie wat ‘n klompie Boere bewapen in die Vrystaat, en dit is DIESELFDE MAN **met die bruin pak** wat hulle weer tot bedaring bring! (Die groot Engelsman/Boerebaard haal die patroonband af tydens die staking/staatsietyd).

**N.B:** Dit is nie die bedoeling dat hierdie Boere tot aksie moet oorgaan nie, maar dat die media die storie van ‘n Boere-opstand sal gebruik as deel van hul propaganda-veldtog. Die opstand sal plaasvind gedurende die staatsie-tydperk, en die media sal aan die internasionale gemeenskap verkondig dat die Boere ‘n staatsgreep beplan. (Dit sal dieselfde mediadekking geniet as 9/11 destyds). Uhuru (met beperkte mediadekking) sal dan ‘regverdig’ word deur hierdie Boereopstand, (*die vyand rondom is teen my ontbied...my vyande hoor van my onheil, hulle is bly dat U dit gedoen het* Klaag.1:17 en 21). Volgens inligting ontvang uit die Vrystaat (van ‘n persoon wat nie bewus was van Siener se profesieë in hierdie verband nie), is Engelse reeds besig om ‘n groep Boere te bewapen. Siener het gesê: “Moenie ‘n man glo wat sê: ‘ek is jou leier’ of ‘daar is hy’. Die volk sal weet as hy die dag opstaan”.

**22. NAG VAN DIE LANG MESSE:** Elke swarte in die land dra kennis hiervan (ook bekend as: Uhuru, Operation White Cleanup en Red October), wat sal oorspoel in ‘n volskaalse oorlog. Volgens Siener en Johanna Brand sal ‘n algehele staking plaasvind tydens die staatsie-tydperk wat die hele land sal lamlê. Onluste in hierdie tyd sal ook reeds begin. (Daar sal GEEN krag, brandstof of water toevoer wees nie en winkels sal geplunder word). Die **teken** vir die swart massas om die woonbuurtes van Johannesburg aan te val, is **middernag** op die **dag van Mandela se begrafnis**. Die volgende oggend sal hulle opruk na Pretoria wat die teken is vir die res van die land om oor te gaan tot die aanval. Daar sal die Boere hulle inwag en DIT SAL DIE BEGIN VAN DIE OORLOG WEES. (Ons weet dat hierdie aanval nie tot Jhb beperk sal wees nie want Jes.6:11 sê dit sal aanhou *totdat die stede verwoes lê, sonder inwoners, en die huise sonder mense en die land verwoes is tot ‘n wildernis* (omkering deur vreemdes). Volgens Snyman is tientalle dorpe reeds gemerk en die aanval met die kodenaam “Operation Iron Eagle” staan onder beheer van die weermag.

Hierdie visioen het Johanna in ‘n enkele nag laat grys word, en sy het geglo (gehoop) dat haar waarskuwings die aanval sou afweer. Dit kan nie afgeweer word nie want elke profesie sal op sy

bepaalde tyd in vervulling gaan: *Want Yahweh doen niks tensy Hy Sy raadsbesluit aan Sy knegte, die profete, geopenbaar het nie...Hoor en waarsku die huis van Jakob, spreek Yahweh Amos 3:7 en 13.*

DIE SKRIF EN UHURU: *Heilig 'n oorlog teen haar (Sion)! Staan op en laat ons optrek op die middag! Wee ons want die nag gaan verby, want die aandkaduwees word langer!. Staan op en laat ons optrek in die nag, en laat ons haar paleise verwoes! Jer.6:4-5. Blaas die basuin (roep die volk tot oorlog) op Sion, en blaas alarm (waarsku) op My heilige berg! Oor die berge kom 'n talryk en magtige volk...voor hom uit verteer 'n vuur...agter hom is dit 'n woeste wildernis (omkering deur vreemdes)...soos die gedruis van waens huppel hulle...soos die geknetter (tenks) van 'n vuurvlam (skote)...magtige volk wat vir die geveg opgestel is (vooraf beplan)...alle gesigte verbleek (Blankes) soos helde hardloop hulle...elkeen gaan sy eie koers (vooraf beplan) tussen wapens deur val hulle, maar hulle (tenks) bly in gelid...oorval die stad, hardloop op die muur...klim in die huise, hulle dring by die vensters in Joël 2:1-9. Die kinders van Babel en Assur (swartes)...en hulle sal teen jou kom met 'n hoop strydwaens en wiele (weermag) en met 'n menigte...en 'n helm rondom jou rig (die stede omsingel en paaie blokkeer met taxi's en panservoertuie)...Eseg.23:23-24. Want die geluid van weeklaag word uit Sion gehoor: Hoe is ons verwoes!...want hoor, o vroue, die woord van Yahweh...want die dood het in ons vensters opgeklim, om die kinders van die straat af uit te roei, die jong manne van die plein af...en die lyke van die mense sal neerval soos mis op die oop veld...sonder dat iemand dit versamel Jer.9:19. Want ek het gehoor 'n stem soos een wat inmekaar krimp, die stem van die dogter van Sion, sy hyg na asem, sy brei haar hande uit en sê: Wee my tog, want my siel is magteloos teenoor die moordenaars Jer.4:31.*

DIE HEILIGE GEES VERLAAT ONS die eerste dag van staatsie (Dan.12:11), wanneer die Antichris ook amptelik sy plek inneem Dan.8:12-13: *...die voortdurende offer (Heilige Gees) hom (volk) ontnem word en 'n leër is aan die horing (Antichris) oorgelewer... Elia merk die opregtes en die ander word doodgemaak...Yahweh het die land verlaat (Eseg.9:1-9). Dit sal 'n tyd van benoudheid wees wanneer diegene wat nie by die volk hoort nie, afgeskei sal word. Daarom ween ek...want ver van my is die trooster...my kinders is verbyster...Sion brei haar hande uit, sy het geen trooster nie, die vyand rondom is teen Jakob ontbied...my priesters en my oudstes het in die stad beswyk...ek het geen trooster nie, al my vyande hoor van my onheil, hulle is bly dat U dit gedoen het. U laat die dag kom wat U uitgeroep het... Klaag.1:16-21. ...Ek sal My aangesig van hulle afwend...land is vol bloedgerigte en stad vol geweld...kwaadaardigste nasie laat kom...die angs kom (nagaanval) en hulle soek vrede, maar dit is nie daar nie...Eseg.7:22-25. Na die aardbewing (Koeberg) 'n vuur (oorlog). In die vuur was Yahweh nie. En na die vuur die gedruis van 'n sagte koelte (Gelofte) 1 Kon.19:12.*

Esegiël 5 en 7 beskryf die eerste deel van die oorlog (na die nagaanval) sonder trooster, waartydens die volk in drie gedeel word: 1) Hulle wat in die platteland sterwe 2) hulle wat in die stede omkom van hongersnood en pes, en 3) hulle wat in ballingskap gaan sal ontvlug, maar hulle sal op die berge wees soos duiwe van die klowe wat almal klaag...Ek sal My aangesig van hulle afwend...

DIE GELOFTE: Jes.54 met die opskrif “Die toekoms van Sion”: *Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot ontferming sal Ek jou vergader. In 'n uitstorting van toorn (straf) het Ek vir 'n oomblik My aangesig vir jou verberg, maar met ewige goedertierenheid ontferm Ek My oor jou...Jy, ellendige, deur storm gejaagde, ongetroosde! Dan gaan Ek heen, Ek keer na My woonplek terug, totdat hulle skuld beken en My aangesig soek. In hulle nood sal hulle My soek Hos.5:15. “Ek*

sien die mense loop in die donker (sonder Trooster) met veldstoeltjies. Toe ek die gordyn wegtrek, toe sit die mense daar bymekaar”.

Die Hebreuse woord vir “Skaaptoring” is Migdol. Miga 4:8-10 praat van die volk wat in die veld moet gaan woon om uit die hand van die vyand gered te word, en dat hulle versamel sal word by die Skaaptoring, die heuwel van die dogter van Sion. (Sowat 128 km anderkant Lichtenburg is daar ‘n boerderygemeenskap met die naam Migdol tussen Schweizer-reyneke en Delareyville). “Die volk sal anderkant Lichtenburg bymekaarkom, en **gelei** word deur ‘n man met ‘n **grys pak**”. “Wanneer die ministers vlug uit die Kaap, beweeg die Boere in die rigting van Lichtenburg. Die perde is gekniehalter (Boere gereed vir oorlog) en daar op ‘n koppie spreek die man met die bruin pak hulle toe”. “In die weste is ‘n nuwe wa en bo-op sy platform is drie Boere (Elia, ander getuie en man met die bruin pak)”. “...sekel (oorlog) voor ons...dan geel waens (Indiërs) wat vlug...die wit gordyn (beskerming/Gelofte) om ons aan drie kante gee ‘n rooi skynsel (‘n verraaier/kommunis teenwoordig – die man met die bruin pak). ‘n Basterskaap (verraaier/man met bruin pak) wat na ons toe kom...”.

“ONS GAAN WEER VEG AS DIE GRAS GROEN WORD, die Afrikaner moet gereed wees”. “Wanneer die **eerste reëns** uitgesak het en die gras algemeen groen begin raak, kyk dan na die parlement, want daar gaan die moeilikheid begin”. “Ek sien net **water**. Die duisternis het op die mensdom toegesak, die onweer al dreigende oor ons land saampak. Binne ‘n paar dae sien ek die lont ontplof (doodsberig) wat die hele land aan die brand steek”. “Waens met wit seile (*opregte Boere*) vlug in die **groen gras**”. Mandela word in die reëntyd begrawe: “...’n ry ou waens (staatsbegrafnis), die wiele kom so uit die **water** uit. Op die voorste wa lê ‘n man wat kaal (hulpeloos - dood) is”. (In die grootste deel van ons land dui Oktober gewoonlik die begin van die reënseisoen aan).

Volgens Matt.24:20 moet ons bid dat ons **vlug nie** op die Sabat of in die winter is nie, en Jes.18:6 dat die ‘wilde diere’ (swartes) die **somer** op ons sal sit en die ‘wilde diere van die aarde’ (geldmag) op ons oorwinter. Amos sien ‘n mandjie ‘**somervrugte**’ dan kom die einde oor die volk, die vyand vra: *wanneer is die sabbat en die nuwemaan verby?* (8:1-10).

GROOT DROOGTE: Dit lyk of hierdie die laaste reëns sal wees vir ‘n ruk, want vir die duur van die eerste helfte van die verdrukking (wat begin met die oprigting van die gruwel) gaan dit nie reën nie. Dit sal “die grootste droogte in mense heugenis” wees waarvan Siener gepraat het. Ons lees in Op.11:6 dat die twee getuies mag het oor die weer en dat dit nie sal reën in die dae van hulle profesie nie (en hulle profiteer 3½ jaar lank volgens v6), en in Lukas 4:25 dat hy vir 3½ jaar die hemel sal sluit en ‘n groot hongersnood sal oor die land kom. Ook in Jak.5:17: *En Elia was ‘n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie; en hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee*. En 1 Kon.17:1 en 15: *En Elia het gesê:...daar sal geen dou of reën in hierdie jare wees nie, behalwe op my woord!...en sy* (‘die weduwee’/Juda word soos ‘n weduwee Klaag.1) *het gehandel volgens die woord van Elia* (o.a. om voorsiening te maak vir kos en water vir 390 dae), *en die meel in die pot het nie opgeraak en die olie in die kruik nie minder geword nie, volgens die woord van Yahweh wat Hy deur die diens van Elia gespreek het*. (Hierdie droogte sal dien as tweesnydende swaard wat die wilde diere ook sal tref: *Kan ‘n Kusiet sy vel verander...en wilde-esels staan op die kaal heuwels, hulle oë versmag, omdat daar geen gras is nie* Jer.13:23 en 14:6).

### **HOOFSTUK 3**

**DIE AANLOOP TOT DIE OORLOG:** Die oorlog wat kom sal dien as smeltkroes. ‘n Eenmalige proses van strafgerig en uitdelging, waartydens die volk gesuiwer sal word van sonde en onsuiver teling (Jes.4:3-4). Maar Yahweh belowe ook dat Hy vergifnis sal skenk aan diegene (die derde) wat Hy laat oorbly (Jer.50:20). “Vir die opregtes in die ‘Boerelaer’ sal dit wees soos ‘n tweede Bloedrivier, maar van geeneen van hulle sal ‘n druppel bloed gestort word nie”.

Om in hierdie laer te kom sal ons GEESTELIK, sowel as FISIES voorbereid moet wees. Maar ‘n mens hoor dikwels: “Ag wat, ons sal maar wag tot die tyd aanbreek en dan bid en vertrou op die Here vir uitkoms”. Daar wag ‘n baie groot skok op hierdie mense, want ‘as die tyd aanbreek’ verlaat die Heilige Gees ons, dus sal ‘dan bid en vertrou’ nie help nie (*wee my tog want my siel is magteloos teenoor die moordenaars*). Om daardie tyd land-uit te probeer vlug is nie ‘n opsie nie want die Derde WO sou al begin het. (Die Engelse koningshuis verdwyn en dan word die winterhuis/Europa saam met die somerhuis/Afrika getref Amos 3:14-15). Die enigste vlugte uit S.A. na die doodsberig sal die Britse boeiings wees wat hul burgers ontruim, en amptelike vlugte van wêreldleiers wat die begrafnis bywoon.

